

16 September 2020

Databondels vir Oktober en hoe om kwarantyn met daaglikse kontrole te vermy

Beste Student

Hoewel 'n aankondiging die aanpassing van Suid-Afrika se risikovolke na vlak 1 so gou as vanaand verwag word, mag dit 'n bietjie langer neem vir universiteite om die toepaslike bedryfsvoorskrifte van die departement Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) te ontvang. Die Universiteit sal verseker dat die jongste inligting aan ons kampusgemeenskap bekendgemaak word sodra dit beskikbaar is. Intussen moet julle asb kennis neem van die volgende:

Bevestig weer selfoonnommer om databondels vir Oktober 2020 te verseker

Die Universiteit Stellenbosch (US) gaan weer databondels van MTN, Vodacom, Telkom en CellC vir studente in Suid-Afrika vir Oktober 2020 aan koop (dit sluit studente in die Fakulteit Krygskunde, studente met internasionale selfoonnommers, kortkursusstudente en postdoktorale genote uit).

Ween die moontlike uitwerking van beurtkrag op die beskikbaarheid van WiFi in die Universiteit se verblyf, kwalifiseer studente in US-koshuise ook vir die Oktober-databondels. Studente in koshuise wie se besonderhede vir September 2020 opgedateer is, het ook data vir September 2020 ontvang.

Om vir die Oktober-databondel in aanmerking te kom, moet jy weer jou selfoonnommer op jou persoonlike inligting-blad by [update your contact details here](#) bevestig. Om te bevestig, moet jy op die **Update Information**-knoppie onderaan die bladsy klik en dan seker maak dat die kennisgewing die datum vertoon waarop jy jou besonderhede opgedateer het. Slegs selfoonnommers wat tussen **15 Mei 2020 en voor 20:00 op Sondag, 20 September 2020** bevestig is, sal na die selfoondiensverskaffers gestuur word sodat databondels opgelaaai kan word.

BELANGRIK: Indien jy nie jou selfoonnommer bevestig nie, sal jy nie 'n databondel vir Oktober 2020 ontvang nie. Ongelukkig sal geen uitsonderings oorweeg word nie en geen verdere korrespondensie sal oor die Oktober-databondels gevoer word indien jy die sperdatum misgeloop het of nie die korrekte prosedure gevolg het nie. Volg asb die aanwysings vir die bevestiging van jou selfoonnommer presies soos dit hierbo aangedui word. Databondels word op 'n maandelikse grondslag toegeken en is aan veranderende omstandighede onderhewig.

Die zero-tariewe vir SUNLearn geld steeds.

Daaglikse gesondheidskontrole kan moontlike kwarantyn in koshuis uitkakel

Studente wat vir die eerste keer na die koshuis terugkeer nadat hulle die kampus vir die inperkingsstydperk verlaat het, of diegene wat ná 'n kort rukkie se afwesigheid weer terugkeer, kan voorkom dat hulle by hul terugkeer vir sewe dae in kwarantyn in die koshuis moet deurbring deur die *HigherHealth Check* vir die sewe dae vóór hul terugkeer te voltooi. Dit sluit studente in wat 'n nag of naweek elders deurgebring het, asook diegene wat vir die reses huis toe was.

Daar sal van studente verwag word om 'n rekord te verskaf om te bewys dat hulle die daaglikse selfondersoek vir sewe aaneenlopende dae vóór hul terugkeer voltooi het. Die *HigherHealth Check* moet die dag van aankoms by die koshuis insluit en dit moet sewe agtereenvolgende dae van groen skerms toon. Indien studente by hul terugkeer nie bewys kan lewer dat hulle hulself gekontroleer het nie, mag hulle versoek word om 'n kwarantantydperk van sewe dae te voltooi.

Studente in die **Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe** moet voortgaan om hul daaglikse moniteringstoepassing te gebruik wat ontwerp is om aan die spesifieke behoeftes van die fakulteit te voldoen.

Ek wil die studente wat tans in ons universiteitskoshuise is, hartlik bedank vir jul samewerking om ons te help om aan die COVID-19-voorskrifte te voldoen. Gaan asb voort met die toepassing van die gesondheidsprotokols, al is daar 'n positiewe afwaartse neiging in ons nasionale infesiekoers.

Al ons studente word aangemoedig om medeverantwoordelik op te tree en verantwoordelikheid vir hulleself te aanvaar ten einde die verspreiding van COVID-19 te help bekamp en om hulself en hul familie en vriende, asook die breë gemeenskap, veilig te hou. Dra 'n masker, handhaaf sosiale afstandskopping en gaan voort met selfkontrole op die *Higher Health Check*-toepassing, <https://healthcheck.higherhealth.ac.za>, of stuur 'n WhatsApp aan 0600110000 of skakel *134*832*2#; of gebruik jou daaglikse moniteringstoepassing indien jy aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe verbonde is.

Vriendelike groete

Prof Stan du Plessis

Voorsitter: Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting